

Dinsdag 7 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 14:15-21 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Johannes 14:16 (1953-vertaling)

Die Heilige Gees is ons Trooster

In die Skrifgedeelte praat Jesus nou van 'n “ander Trooster”. Dit dui daarop dat Hyself ook 'n Trooster vir ons is, maar nou in 'n ander sin.

Die woord “Trooster” kan ook as “Voorspraak” weergegee word. Dit verwys na iemand wat ons belange verteenwoordig en beskerm en wat ons vertroos wanneer ons dink dat sake teen ons draai en wat ons help om die regte besluite te neem. Dit is iemand wat ons saak in die hof voor die regter bepleit, soos 'n advokaat.

So is Jesus ons Advokaat, ons Trooster en ons Voorspraak aan die regter-hand van die Vader. Telkens wanneer Satan as aanklaer teen ons wil optree, kom Jesus as ons Advokaat en pleit op die verdienste van sy bloed en verkry so ons vryspraak. Hy is ons Voorspraak in die hemel.

Ons moet daarop let dat ons nie net een regsak het nie, maar twee regsake. Daarbo is Jesus absoluut noodsaaklik, anders kan ons nie 'n oomblik voor God bestaan nie. As Satan daarbo teen ons sou prosedeer en die Borg is nie daar om te betaal nie, dan is ons verlore. Maar ook hier op aarde het ons 'n benouende en gevaarlike regsak. In hierdie regsak veroordeel God ons nie, maar ons veroordeel onself as doemwaardige sondaars. Hier tree nie Satan nie, maar ons gewete as die beskuldiger op. Hier het ons hierdie “ander Trooster” nodig.

Dis hier waar die Heilige Gees as die ander Trooster vir ons intree en inwendig werk; Hy tree vir ons in by onself. Die skeur daarbinne genees Hy. Daarom dra Hy die lieflike naam Trooster, want troos is tog 'n inwendige werk.

Daarmee saam bely ons dat die Heilige Gees aan ons gegee is om ons te troos en ewig by ons te bly (HK Sondag 20). So lei en vertrou Hy ons almal. Hy het na ons toe gekom in sy wonderlike liefde wat in Christus bewys is.

Sing: Psalm 143:6, 7, 8 (1936)

Ds. P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Duineveld)